15 Jul

Uitgawe 2009/07/15

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

En as ek sê: Ek sal aan Hom nie dink nie en in sy Naam nie meer spreek nie, dan word dit in my hart soos 'n brandende vuur, opgesluit in my gebeente. En ek het my moeg gemaak om uit te hou, maar kon nie (**Jer.20:9**). God het ons geroep om diegene te wees wat Sy Woord spreek. Ons kan so maklik marionette word in die hande van mense en slegs preek wat hulle pas en dan in die strik van die wêreld beland. Die profeet was deur mense verwerp omdat hy woorde gespreek het wat hul uitgedaag het. Vra die Heilige Gees om jou eie hart aan jou te wys. Is jy gewillig om God of die mens tevrede te stel? ***Vader, openbaar asseblief my hart aan myself. Help my om soos Jesus te leef wat die stelsels van die wêreld uitgedaag het om die waarheid te openbaar.***

Deurbraak : Kerkleiers wat voorheen gearresteer was nou vrygelaat

Agtien huiskerk leiers wat gearresteer was in Langzhong, Sichuan provinsie op 9 Junie is vrygelaat weens druk van ondersteuners wat die *Domestic Security Protection* (DSB) in kennis gestel het nadat hulle die verslag van *ChinAid* gelees het. Dertien van die leiers het administratiewe aanhouding uitgedien vir 10 dae en is 20 Junie vrygelaat. Vyf van die leiers wat gevonnis was tot kriminele aanhouding is 23 Junie vrygelaat. Die kerkleiers is 9 Junie tydens 'n byeenkoms van 30 kerkleiers in Pastoor Li Ming se huiskerk gearresteer. Amptenare in ses tot sewe polisiemotors van die DSB span het die plek omring en al 30 Christene is gearresteer en die huis deursoek. Die polisie het 12 leiers op dieselfde dag vrygelaat, maar 18 teruggehou. (E-pos: editor@prayer-alert.net, 03/07/09). ***Prys die Here vir die vrylating van die Gelowiges en dat Hy gebede beantwoord het. Bid vir Gelowiges wat vervolg word vir hul geloof – bid dat hulle onbeskaamd sal getuig van Christus.***

Bid vir jou gemeenskap : Families

Familie lewe kan onder geweldige druk wees uit verskillende areas, maar God is lief vir families en wil graag hê dat elkeen voorspoedig moet wees. (Webruimte: http://worldprayer.org.uk/uploads/Friday_Focus_July_2009.doc, 14/07/09). Bid vir die families in jou gemeenskap volgens hierdie skrifgedeelte in 1 Petrus 3:8-12 ***En eindelik, wees almal eensgesind, medelydend, vol broederliefde en ontferming, vriendelik. Vergeld geen kwaad met kwaad of skeldwoorde met skeldwoorde nie, maar seën inteendeel, omdat julle weet dat julle hiertoe geroep is, sodat julle seën kan beërwe. Want wie die lewe wil liefhê en goeie dae wil sien, moet sy tong bewaar vir wat verkeerd is, en sy lippe dat hulle geen bedrog spreek nie. Hy moet afwyk van wat verkeerd is, en doen wat goed is; hy moet vrede soek en dit najaag. Want die oë van die Here is op die regverdiges en sy ore tot hulle gebed, maar die aangesig van die Here is teen die kwaaddoeners.***

Suid-Afrika : Straatkinders

NRO's (nieregeringsorganisasies) voorspel 'n merkwaardige toename in die aantal kinders wat na die strate gelok word, veral gedurende die tydperk wat die skole gesluit sal wees gedurende die winter vakansie volgende jaar. Straatkinders is vasbeslote om groot geld te maak in 2010. Hulle weet dat besoekers aan die land dwelms sal gebruik en op soek sal wees na seksuele plesier en dat hulle op die manier geld sal kan maak. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=13&art_id=vn20090712071101832C578138, 12/07/09). ***Bid vir sosiale werkers en vir diegene wat uitreik na straatkinders; dat hierdie situasie met wysheid van God hanteer sal word. Bid ook dat die Kerk in Suid-Afrika 'n oplossing van God sal soek vir hierdie situasie.***

Internasionaal : 6 kerke in Bagdad in 24 uur deur bomme verwoes

CNN (Cable News Network) het gerapporteer dat 4 mense dood en 32 gewond was in ses opeenvolgende bomaanvalle op kerke in verskeie areas in Irak. Die verskeie areas was soos volg: St. Joseph's in Wes-Bagdad, op Saterdagaand; twee kerke in sentraal Bagdad al-Karrada distrik en 'n ander een in al-Ghadeer in Oos-Bagdad op Sondagmiddag; nog een op Sondagaand in Oos-Bagdad en die laaste bom Sondagaand in Suid-Bagdad Dora distrik. Een Christen in Irak het in 'n onderhoud gesê dat as die aanvalle voortduur sal "daar geen Christene in Irak oorbly." (E-pos: editor@breakingchristiannews.com, 13/07/09). ***Christus het belowe dat die Kerk gebou sal word en die doderyk sal dit nie kan teenstaan nie. Bid dat elke individu sal besef dat die Kerk nie 'n gebou is nie, maar wel Gelowiges (lewende stene) wat in eenheid staan. Bid dat Gelowiges in Irak sterk sal staan in hul geloof. Vra God om hulle te bedien deur die werking van die Heilige Gees, die Gees van Waarheid en dat hulle ore sal hoor wat die Gees sê. Bid dat Gelowiges sal leef volgens die Woord wat God spreek.***

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com